Johannesburg se suur mynwater 'dompel die land in 'n nasionale krisis'

ELISE TEMPELHOFF
Johannesburg

Reaksie wat wissel van paniek tot kommer het gister ingestroom oor die suur mynwater wat ondergronds onder die middestad van Johannesburg opstoot en na verwagting oor 18 maande strate en geboue gaan begin oorstroom.

Die VF+ het dit as 'n noodtoestand bestempel.

Die Johannesburgse metroraad se omgewingsdepartement het gesê hy is "baie bekommerd" oor die situasie, wat die negatiewe gevolge is van die goudmynboubedryf wat nou sy einde bereik het.

Die reaksie het gekom nadat me. Mariette Liefferink, direkteur van die Federasie vir 'n Volhoubare Omgewing, en mnr. Marius Keet, adjunkdirekteur van watergehaltebestuur in die departement van waterwese, Woensdag voorleggings oor die krisis aan die Witwatersrand aan die portefeuljekomitee oor waterwese in die parlement gemaak het.

Liefferink het gesê miljoene liter suur mynwater is tans in die uitgemynde holtes, sowat 600 m onder die stadskern, en dat dit oor 18 maande strate en geboue in die middestand kan oorstroom. Dit styg byna met 1 m per dag.

Keet het dit bevestig. **Sapa** berig Keet het gesê die departement het "planne met suiweringsaanlegte, pype, pompe en pompstasies", maar dat R220 miljoen onmiddellik daarvoor nodig is. Hy het gesê hy weet nie waar dié geld vandaan gaan kom nie.

Mnr. André Venter, woordvoerder van die vakbond Uasa, het gesê hy is verbaas dat die regering nie vroeër wakker geskrik het nie, omdat hulle al vir langer as agt jaar daarvan bewus is

Mnr. Thomas Walters, DA-wetgewerlid in Gauteng, het gesê die besoedeling van sy riviere is die provinsie se grootste omgewingsbedreiging.

Mnr. James Kemp, AfriForum se woordvoerder oor omgewingsake, het gesê onvolhoubare en onverantwoordelike mynbou in Suid-Afrika en 'n gebrek aan kommunikasie tussen die departemente van waterwese en omgewingsake en mynbou is besig om die land in " 'n nasionale krisis" te dompel.

Me. Nthatisi Modingoane, woordvoerder van die Johannesburgse metroraad, het gesê dié stad sal saamwerk met diegene wat 'n oplossing vir die krisis het.